

Wes-Kaapse Taalkomitee **Jaarverslag: April 2001 – Maart 2002**

DEURDIEVOORSITTER

Die Wes -Kaapse Taalkomitee het die afgelope boekjaar met geesdrif en vasberadenheid reusevordering gemaak om ons visie en missie te verwezenlik en om uitvoering te gee aan di e mandaat wat deur die Wes -Kaapse Talewet , 1998 (Wet 13 van 1998), aan ons gegee is. Ons aktiwiteite is ook deur die doelstellings van die Wes -Kaapse Taalbeleid gerig. Al ons pogings is deur 'n fokus op menswaardigheid en agting, en oplossings eerder as probleme, gekenmerk.

Die Wes -Kaapse Taalkomitee het die Wes -Kaapse Taalbeleid oor 'n tydperk van drie jaar deur wye oorlegpleging met belanghebbende geformuleer. Dit is op 21 November 2001 in beginsel deur die Wes -Kaapse Kabinet aanvaar.

Dit beteken dat – in ooreenstemming met die Wes -Kaapse Talewet – die gelyk beregtiging van die drie amptelike tale in interne en eksterne kommunikasie en die ander sake van die provinsiale regering amptelikaanvaaris. Dié beleid bied ook 'n magtigende beleids raamwerk vir munisipaliteite.

Die strategieë vir inwerkingstelling wat deel van die Wes -Kaapse Taalbeleid uitmaak, sal weer deur die Wes -Kaapse Kabinet oorweeg word in samehang met die resultate van 'n omvattende taalbestekopname. Dit behoort tot die opstel van sakeplan nevirinwerkingstelling te lei.

Die Wes -Kaapse Taalkomitee het 'n mandaat van die Wes -Kaapse provinsiale regering om die gebruik van Afrikaans, Xhosa en Engels in die Wes -Kaapse provinsiale regering te monitor. 'n Marknavorsingsagentskap, MarkData, is ná 'n uitgebreide tenderproses aangestel om 'n omvattende taalbestekopname van die provinsiale regering en sy kliënte se taalgebruik en –voorkeure te maak. Dié baanbrekerswerk, die eerste in sy soort in Suid -Afrika, is einde Maart 2002 afgehandel.

Een van die belangrike bevindings van dié bestekopname is dat daar 'n skerp afname in die gebruik van Afrikaans in die provinsiale regering ten gunste van Engels is hoewel 66% van die amptenare Afrikaanssprekend is. Laasgenoemde syfer korreleer met die 59% Afrikaanssprekendes in die provinsie.

Daar is wel 'n matige groei in die gebruik van Xhosa, maar dit moet gesien word teen die agtergrond van die ernstige marginalisering van die taal. Afrikaans – en Xhosa sprekers gebruik Engels as brugtaal in veral interne geskrewe kommunikasie. Daar is 'n misleidende positiewe aanvaarding van dié toedrag van sake by Afrikaanssprekendes, maar dieselfde aanvaarding is nie by Xhosa sprekers nie. Dit bly egter 'n elite -oplossing om Engels by verstek te gebruik. 'n Kopskuif is nodig in die provinsiale regering en Afrikaans – en Xhosa sprekers behoort hulle meerteelhandhaaf vir owerdit die gebruik van hultale aangaan.

Volgens die verslag moet daar nie op probleme gekonsentreer word nie, maar op innoverende oplossings vir die gelyke gebruik van die drie amptelike tale, soos byvoorbeeld die Departement van Landbou se Drietalinge Landbou Woordeboek of die Departement van Beplanning, Plaaslike Regering en Behuising se opsommings in twee amptelike tale as die hoofdokument in 'n derde amptelike taal geskryf.

Die verslag beveel aan dat elke departement 'n vyfjaarplan vir taalgelykheid opstel. Daarin moet aandag aan veral interne en eksterne kommunikasie, werwing, begrotinge en bemerkinge geskenk word. Amptenare moet opgelei word om die drie amptelike tale eerstens te verstaan. Die provinsiale taaldiens moet uitgebrei word en veeltaliger rolmodelle moet in kommunikasie poste aangestel word.

Teneinde veeltaligheid te bevorder, is 'n opegesprek met verteenwoordigers van 26 taalorganisasies in die Wes -Kaap in Junie 2001 gehou. Daaruit het die stigting van die Aksiegroepe vir Veeltaligheid (MAG's) voortgespruit. Tans is daar twee groepe, naamlik die Wes -Kaapse Aksiegroep vir Veeltaligheid en die Suid -Kaapse Aksiegroep vir Veeltaligheid, wat veeltaligheid op voetsoolvlak bevorder.

'n Omvattende veeltaligheidsbewustheidsveldtog is vanaf Oktober 2001 tot Maart 2002 van stapel gestuur. Die agentskap, Afrikom, is ná 'n uitgebreide tenderproses aangestel om 'n kommunikasie strategie te ontwikkel en in werking te stel.

Die doel van dié veldtog was om die voordele van veeltaligheid onder al die inwoners van die Wes-Kaapse aandag te bring en hulle van hul taalregte bewus te maak. Die reuse van dié veldtog was: *praat jou taal/Nolwakho ndiyaluthetha/ I speak your language*. Dit het die boodskap oorgedra dat 'n mens trots moet wees op jou moedertaal, agting moet hê vir 'n ander persoon se tale en bereid moet wees om 'n ander amptelike taal of gebaretaal aan te leer. - Ek

Dié uiters suksesvolle veldtog het deur mediapublisiteit R6,3 miljoen se waarde tot veeltaligheid, die Wes-Kaapse Taalkomitee en indirek tot die Wes-Kaapse provinsiale regering toegevoeg. Elf nuusberigte is oor 'n tydperk van ses maande aan negentig provinsiale, nasionale en gemeenskapskoerante en drie -en-twintig nasionale en gemeenskapsradiostasies vrygestel. Ses -en-twintig radio-onderhoude is gevoer. Hierdeur is die boodskap van veeltaligheid tot in die verste uithoeke van die Wes-Kaap uitgedra.

Korporatiewe kommunikasiemiddels soos die tweemaandelikse elektroniese nuusbrieff, *Thetha-Thetha*, 'n korporatiewe banier, lapelwapens en plakkate vir veeltaligheidsweek, 'n korporatiewe brosjure en 'n brosjure oor die voordele van veeltaligheid vir die sakektor is ingespan en 'n gebruikersvriendelike interaktiewe webblad is ontwerp.

Nog 'n hoogtepunt van dié veldtog was 'n veeltaligheidsweek van 12 – 19 Februarie 2002 wat van stapel gestuur is deur 'n opwindende hoëprofielbyeenkoms in die Kunstekaap-teatersentrum. Die ondervoorsitter, Sydney Zotwana, het die voorsitter by dié geleentheid met die Xhosa-naam, Qukeza, vereer.

In die jaarverslag word daar in besonderhede verslaggedoen oor die verskillende interne en eksterne projekte wat die Taalkomitee ingevolge ons mandaat ondersteun en uitgevoer het. Die meeste interne en eksterne projekte is teen die einde van die boekjaar afgehandel. Die interne projekte word deur die taalpraktisyns in die Taaleenheid, diemasjienkamers van die Taalkomitee, uitgevoer.

'n Geslaagde Khoisan-taalwerkswinkeloor Khoe-khoe-en-Santale in die Wes-Kaap is op 8 – 10 Maart 2002 naby Knysna gehou.

'n Werkkursus oor tolking en vertaling is op 4 Februarie 2002 aangebied. Dit het so veel belangstelling uitgelok dat 'n opvolgvergadering in samewerking met die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut gereël is. Dié samespreking sal vandeurslaggewende belang vir die beroep wees.

Die Wes-Kaapse Taalkomitee dien ook as 'n provinsiale taalkomitee van die Pan-Afrikaanse Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) en dien as hulp en ondersteuning op grondvlak. Daar is byvoorbeeld samewerking in die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse Gebaretaal en die Taalkomitee het Pansat se sakeplan vir die bevordering van Gebaretaal aanvaar. Pansat ondersteun die Taalkomitee se pogings om Microsoft programmatuur in die amptelike tale beskikbaar te stel.

Geen dinamiese instelling kan in 'n vakuum funksioneer nie en daarom is dit 'n voorreg om die volgende persone vir hul leiding en ondersteuning te bedank:

- Die Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning, Patrick McKenzie, vir die wyse waarop hy die Taalkomitee onder sy vlere geneem het en ons as ondersteuning gebied het.
- Theo Tolmay, Hoof van die Departement van Omgewing – en Kultuursake en Sport
- Me Hannatjiedu Preez, Hoofdirekteur: Kultuursake,
- Errol Myburg, waarnemende Direkteur: Kulturen Erfenis, en
- Anwaar Gaffoor, Hoof Finansiële Beampte.

Glen Adams, voormalige Minister van Omgewing – en Kultuursake, was 'n kampvegter vir veeltaligheid en 'n sterk bondgenoot van die Taalkomitee. Dit was met leedwese dat ons verneem het van sy skielike afsterwe in Januarie 2001. Hysal met deernis onthou word vir sy belangstelling in die mense wathygedienhet.

Aan Quintus van der Merwe, Adjunkdirekteur: Kulturen Erfenis en Hoof van die Taaleenheid, die drie taalpraktisyns, Annette de Villiers (Afrikaans), Sandisiwe Mangcu (Xhosa) en Louis Nel (Engels), en Renée Scott van die sekretariaat, wil ons graag sê, julle diens is onontbeerlik – baie dankie en welgedaan. Annette de Villiers het die diens in Desember 2001 verlaat en Monica Kirsten is op 'n kontrakbasis in haar plek aangestel. Yvonne Swartz bederf ons nog steeds met verversings tydens ons vergaderings.

Die Taalkomiteesetermynverstryk op 31 Maart 2002. Gedurende onstermyn van drie jaar het die elf komitee lede mekaar professioneel ondersteun en geleer uit die onuitputlike bron van kollektiewe kundigheid en wysheid. Ons is verryk, ons het gegroei en ons het lewenslange vriendskappe gesluit. Ek waardeer julle ondersteuning. Baie dankie en beste wense vir die toekomst.

Ons dank en waardering aan die inwoners van die Wes-Kaap vir die wyse waarop julle in die Taalkomiteesewerksaamhede belang gestel en ondersteun het. Jultale is kosbare kleinode.

Ons hartlike gelukwense en beste wense aan die nuwe Taalkomitee lede. Mag julle ook die soete vrugte van jultaal arbeid pluk.

Isabel Cilliers
Voorsitter: Wes-Kaapse Taalkomitee
Maart 2002

ALGEMENE INLIGTING

INLEIDING

Die Wes-Kaapse Taalkomitee is ingestel ingevolge die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet 13 van 1998) (hierna die Talewet), en Raadskenning 120 van 1997 (gepubliseer in *Staatskoerant* 18556 van 15 Desember 1997). Die Komitee is daarnaas die Provinsiale Taalkomitee van die Wes-Kaap erken ingevolge die Wet op die Pan-Afrikaanse Taalraad, 1995 (Wet 59 van 1995).

Dit beteken dat die Taalkomitee 'n statutêre liggaam van die Wes-Kaapse provinsiale regering is, asook 'n provinsiale taalkomitee van Pansat. Die Taalkomitee doen verantwoording aan die Provinsiale Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning.

WETLIKE AGTERGROND

Die wetlike raamwerk waarbinne die Wes-Kaapse Taalkomitee werk, is:

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996):

Hoofstuk 1, Grondliggende Beginsels, artikel 6;

Hoofstuk 2, Handves van Regte, artikels 9(3), 29(2), 30, 31, 35(3)(k);

Hoofstuk 3, Regering van Samewerking. Bylae 4 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) (hierna die Grondwet van die RSA), betreffende die funksionele gebied van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid, byvoorbeeld die konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid van die provinsie Wes-Kaap ingevolge die Grondwet van die RSA met betrekking tot kulturele sake, insluitend tale. Ooreenstemmendewetgewing wat reeds deur die Nasionale Parlement uitgevaardig is, sluit die Wet op die Pan-Afrikaanse Taalraad, 1999 (Wet 25 van 1999), in;

Hoofstuk 9, Staatsinstellingster Ondersteuning van Grondwetlike Demokrasie, artikel 185.

Die Grondwet van die Wes-Kaap, 1998 (Wet 1 van 1998):

Artikel 5: Die drie amptelike tale van die Wes-Kaap is Afrikaans, Xhosa en Engels en het gelyke status. Die Wes-Kaapse regering moet by wyse van wetgewing en ander maatreëls die gebruik van hierdie tale reëlen, monitor en ook praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status van dié inheemse tale van die mense van die Wes-Kaap waarvandie status histories ingekort is, te verhoog en te bevorder.

Die Wet op die Pan-Afrikaanse Taalraad, 1995 (Wet 59 van 1995), soos gewysig deur die Wet op Staatsdienswetgewing, 1997 (Wet 47 van 1997) en die Wysigingswet op die Pan-Afrikaanse Taalraad, 1999 (Wet 10 van 1999).

Die Wes -Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet 13 van 1998)

Artikel 13: diemeeste van die bevoegdhede en werksaamhede van die Wes -Kaapse Taalkomitee word in artikel 13 van die Talewet uiteengesit.

BEVOEGDHEDE EN WERKSAAMHEDE

Die Taalkomitee moet ingevolge artikel 13 van die Talewet —

- die gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa deur die Wes -Kaapse provinsiale regering monitor;
- aanbevelings doen aan die Provinsiale Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning (hierna die Provinsiale Minister) en die Provinsiale Parlement betreffende enige voorgestelde of bestaande wetgewing, praktyke en beleid wat regstreeks of onregstreeks oor taalaangeleenthede handel, asook betreffende enige voorgestelde wysiging of herroeping of vervanging van sodanige wetgewing, praktyk of beleid;
- die toepassing van die Provinsiale Grondwet en hierdie Wet betreffende die gebruik van tale monitor;
- die beginsel van veeltaligheid aktief bevorder;
- die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemsetale aktief bevorder, 'n beleid hieroor formuleer en dit aan die Provinsiale Minister vir oorweging voorlê;
- die Provinsiale Minister en die Wes -Kaapse Kultuurkommissie adviseer ooreenige ander taalaangeleenthede in of rakende die Wes -Kaap ten opsigte van die drie amptelike tale in die Wes -Kaap.

Die Taalkomitee is geregtig daarop om —

- ten opsigte van 'n taalaangeleentheid ondersoek instel en na die behoefte te bepaal vir ondersteuning aan enige persoon, organisasie of instelling;
- enige provinsiale staatsorgaan te versoek om hom van inligting te voorsien ooreenige wetgewende of uitvoerende maatreëls deur sodanige orgaan aanvaarmet betrekking tot taalbeleid en taalpraktyk;
- enige provinsiale staatsorgaan te adviseer ooreenige inwerkingstelling van enige voorgestelde of bestaande wetgewing, beleid of praktyk wat regstreeks of onregstreeks betrekking het op taalaangeleenthede;
- studies en navorsing te inisieer wat gerig is op —
 - die bevordering van agting vir die amptelike tale in die Wes -Kaap asook die gelyke gebruik daarvan;
 - die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemsetale in die Wes -Kaap;
 - die vermindering van regte betreffen die taal en die status van die amptelike tale in die Wes -Kaap;
 - die bevordering van veeltaligheid in die Wes -Kaap;
 - die bevordering van gebruik van die taal hulpbronne in die Wes -Kaap; en
 - die voorkoming van die gebruik van enige taal in die Wes -Kaap vir die doeleindes van uitbuiting, oorheersing of verdeling;
- databasisse instel, optel en byhou, insluitende databasisse van persone, organisasies, instellings, toerusting en fasiliteite wat met taalaangeleenthede in die Wes-Kaap verband hou.

Die Taalkomitee kan slegs in oorleg met die Provinsiale Minister —

- die prioriteitsorde vir ondersteuning van taalkwessies in die Wes-Kaap bepaal;
- ander Provinsiale Ministers adviseer teneinde die gebruik van die amptelike tale deur die Wes-Kaap te bevorder.

Verder verrig die Taalkomitee sodanige ander werksaamhede as wat die Provinsiale Minister aan hom opdra of deur die Wes-Kaapse Kultuurkommissie in oorleg met die Provinsiale Minister versoek word.

RAAMWERK VIR DOELWITTEENSTRATEGIESE BESTUUR

Visie

Die Taalkomitee se visie is om al die mense van die Wes-Kaap deur taal te bemagtig, hul menswaardigheid deur agting vir mekaar se tale te versterk, en veeltaligheid te bevorder.

Missie

Die Taalkomitee se missie is om veeltaligheid in die Provinsie aktief te bevorder, die gelyke gebruik van die drie amptelike tale in die provinsie – Engels, Afrikaans en Xhosa – te monitor, en die ontwikkeling van die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale van die Wes-Kaap te ondersteun.

MENSLIKE HULPBRON STRUKTUUR

DIE WES-KAAP SE TAALKOMITEE

Artikel 6 van die Talewet voldoen aan die voorskrifte van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1998 (Wet 1 van 1998), en van die Wet op die Pan-Afrikaanse Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995 (Wet 59 van 1995), en bepaal die volgende:

- 1) Daar word hiermee 'n komitee ingestel wat bekend is as die Wes-Kaapse Taalkomitee.
- 2) Die Taalkomitee is 'n regs persoon en word verteenwoordig deur sy voorsitter of enige van sy lede wat deur die Taalkomitee in die algemeen of vir 'n bepaalde doel aangewys word.
- 3) (a) Die Taalkomitee bestaan uit 'n maksimum van elf lede, waarvan geen een voltydse lede mag wees nie, en wat verteenwoordigend moet wees van die gebruikers van die drie amptelike tale in die Wes-Kaap in die verhouding waarin die tale as moedertale in die Wes-Kaap gepraat word, met inagneming van streeksvariasies.
(b) Elke lid moet oor bewese kundigheid van ten minste twee van die amptelike tale beskik en een lid moet die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale in die Wes-Kaap verteenwoordig.
- 4) Lede van die Taalkomitee moet –
(a) Suid-Afrikaanse burgers wees; en
(b) permanent in die Wes-Kaap woonagtig wees.

Ingevolge artikel 7 van die Talewet stel die Provinsiale Minister die Taalkomitee vir 'n periode van drie jaar aan ooreenkomstig die prosedure uiteengesit in subartikel (2). Volgens subartikel (2) moet die Staande Komitee in opdrag van die Provinsiale Minister die algemene publiek uitnooi om persone te nomineer vir aanstelling as lede van die Taalkomitee, en met inagneming van die vereistes van artikel 6 'n kortlys van maksimum 20 kandidate opstel en aan die Provinsiale Minister voorlê. Die Provinsiale Minister stel die lede van die Raad aan uit die kortlys. Enige lid van die Taalkomitee kan naverstryking van sy of haar ampstermyn heraan gestel word.

TAALKOMITEE LEDE (tot Maart 2002)

Ledewat Afrikaans verteenwoordig:

Isabel Cilliers (voorsitter)
Marianna Visser
Gideon Joubert
Christavan Louw
Michaelle Cordeur

Ledewat Xhosa verteenwoordig:

Sydney Zotwana (ondervoorsitter)
David Sandile Gxilishe

Ledewat Engels verteenwoordig :

Neville Alexander
Stanley Ridge

Lidwat Gebaretaal verteenwoordig

David Petro

Lidwaterfenistale verteenwoordig


Anthony le Fleur

TAALEENHEID

Ingevolge artikel 17 van die Talewet word die administratiewe werk verbonde aan die verrigting van die werk saamhede van die Taalkomitee verrig deur beamptes in diens van die Taaleenheid van die Hoofdirekoraat: Kultuursake van die Wes -Kaapse Provinsiale Administrasie, soos bepaal deur die Provinsiale Minister in oorleg met die direkteur -generaal van die Wes -Kaap. Die Taaleenheid bestaan uit drie taalpraktisyns en 'n sekretaris, Renée Scott, onder leiding van Quintus van der Merwe, Hoof van die Taaleenheid. Dietaalpraktisyns in 2001 was Sandisiwe Mangcu (Xhosa), Louis Nel (Engels) en Annette de Villiers (Afrikaans). Annette de Villiers het die Taaleenheid aan die einde van 2001 verlaat en haar plek is vanaf Februarie op kontrakbasis deur Monica Kirstengevul. Die taalpraktisyns voer die besluite van die Taalkomitee uit en die administrasie van die Taalkomitee word deur diesekretariaat behartig.

Die Hoofdirekteur: Kultuursake, Hannelie du Preez, is die rekenpligtige beampte en Anwaar Gaffoor is die hoof finansiële beampte van die Taalkomitee. Hulle is gesamentlik verantwoordelik vir alle staatsgeldeontvangena lle betalings deur die Taalkomitee gemaak.

ORGANOGRAM



UITVOERING VAN FUNKSIES

VERGADERINGS

Die Taalkomitee vergader ingevolge artikel 12(1) van die Talewet minstens vier keer per jaar op te en vergaderplekke soos deur die Taalkomitee self bepaal. Die Taalkomitee het sewe algemene vergaderings gedurende 2001 -2002 gehou: op 18 April, 13 Junie, 5 September, 17 Oktober en 28 November 2001 en op 30 Januarie en 27 Maart 2002. Daar is ook vier uitvoerende Komitee vergaderings sessie subkomitee vergaderings gehou.

DIEMONITORVANTAAL AANGELEENTHEDE

Provinsiale Taalbeleid:

'n Provinsiale taalbeleid vir die Wes -Kaapse regering is ingevolge artikel 13(1)(e) van die Talewet opgestel. Op 14 November 2001 het wyle Glen Adams die beleid, maar nie die strategieë vir inwerkingstelling nie, aan die Kabinetskomitee voorgelê. Op 21 November 2001 is die Wes -Kaapse Taalbeleid sonder die strategieë vir inwerkingstelling, in beginsel deur die Wes -Kaapse Kabinet goedgekeur.

Die Wes-Kaapse Taalbeleid het die volgende doel:

- Om die Batho Pele -inisiatief van onpartydige dienslewering te ondersteun deur volle toegang tot openbare dienste en programme te verseker deur kommunikasie – of taalstruikelblokke uit die weg te ruim.
- Om veeltaligheid by die mense van die Wes -Kaap aan te moedig.
- Om die gebruik van die drie amptelike tale van die Wes -Kaap, naamlik Afrikaans, Xhosa en Engels, deur die Wes -Kaapse provinsiale regering en plaaslike regerings aan te moedig.
- Om toenemend uitvoering te gee aan die gelyke grondwetlike status van die drie amptelike tale van die Wes -Kaap.
- Om die status te verhoog en die gebruik te bevorder van dié inheemse tale wat deur inwoners van die Wes -Kaap gebruik is, maar waarvan die status histories ingekort is, bv. die Khoisan tale.
- Om in die Wes -Kaap respekt vir die voorvaderlike (erfenis –) tale waarvoor in artikel 6(5) van die Grondwet van die Republiek van Suid -Afrika voorsiening gemaak word, te bevorder en te verseker.
- Om agting te bevorder vir die taalregte van die inwoners van die Wes -Kaap en dit te beskerm, en sote voorkom dat enige taal vir uitsluiting/oorheersing gebruik word.
- Om taalhulpbronne te ontwikkel deur geleenthede en ondersteuning vir die opleiding van professionele taalpraktisyne te verskaf.

Die bepalinge van die Wes -Kaapse Taalbeleid behels kortliks die volgende:

- Die drie amptelike tale van die Wes -Kaap moet in die Wes -Kaapse Provinsiale Parlement gebruik word vir amptelike debatvoering, die optekening van debatte, die opstel van wetgewing en amptelike verslae, die optekening van besluite en die formulering van formele voorstelle en kennisgewings van voorstelle. Wetsontwerp moet by indiening in die Provinsiale Parlement inteenminste tweevandie amptelike tale beskikbaar wees.
- Die provinsiale regering moet alle amptelike kennisgewings wat vir algemene openbare kennisname uitgereik word en alle amptelike kennisgewings en advertensies vir die

Provinsiale Koerant in Afrikaans, Xhosa en Engels publiseer. Waardit in ander koerante gepubliseer word, moet die taal van die koerant en die beskikbaarheid van publikasies in die ander tale in ag geneem word. Plaaslike regerings moet die taalvoorkeure van hul inwoners in ag neem vir die publikasie van amptelike kennisgewings.

- In hul kommunikasie met en dienste aan die publiek moet die provinsiale regering en plaaslike regerings die taalprofiel, –gebruik en –behoefte van inwoners in ag neem. Die publiek kan enige van die drie amptelike tale gebruik in hul kommunikasie met die provinsiale regering of plaaslike regerings en kan verwag om in enige van die drie tale bedient te word waardit redelikerwyse vandie betrokke instelling verwag kan word.
- Die provinsiale regering en plaaslike regerings moet in hul verskillende strukture konsensus bereik oor die keuse van werkstale vir interne mondelinge, skriftelike en elektroniese kommunikasie.
- Plaaslike regerings moet die taalgebruik en –voorkeure van hul gemeenskappe bepaal en in oorleg met hul gemeenskappe ‘n taalbeleid ontwikkel, publiseer en uitvoer.
- Die privaat sektor moet aangemoedig word om hul eie taalbeleid in ooreenstemming met die provinsiale taalbeleid te ontwikkel, en die belangrikste toerisme – en handelstale moet bevorder word.
- Naamborde en aanwysings wat deur ‘n instelling of orgaan van die provinsiale of plaaslike regering gebruik word om sy kantore of fasiliteite te identifiseer, moet in die drie amptelike tale verskyn. By die oprigting van padtekens, rigtingwysers en straat – of plekname moet die taalbeleid sowel as die taalgebruik en –voorkeure vandie plaaslike gemeenskap in ag geneem word.

Die taalbeleid, tesame met die strategieë vir inwerkingstelling in samehang met ‘n bepaling van die koste daaraan verbonde en die resultate van die taalbestekopname, sal in 2002 weeraan die Wes –Kaapse Kabinet vir finale oorweging voorgeleë word.

Munisipale taalbeleid

Die vordering wat reeds deur enkele munisipaliteite gemaak is in die opstel van ‘n munisipale taalbeleid die leemtes wat daarnog bestaan, is navore gebring in ‘n opname wat in Maart 2001 onder die munisipaliteite van die Wes –Kaap gedoen is. Die Wes –Kaapse Taalkomitee moet die plaaslike regerings en munisipaliteite aan om die provinsiale taalbeleid te gebruik as grondslag van die ontwikkeling van ‘n eie taalbeleid en bied graag hul hulp en ondersteuning aan in dié verband.

Die Taalkomitee was nou betrokke by die opstel van die eerste konseptaalbeleid van die Stad Kaapstad en is ook genader om kommentaar en aanbevelings oor twee daaropvolgendes.

Taalbestekopname:

Artikel 13 van die Taalwet gee aan die Wes –Kaapse Taalkomitee ‘n mandaat om die provinsiale regering se gebruik van die drie amptelike tale van die Wes –Kaap, Afrikaans, Xhosa en Engels te monitor. Ter uitvoering van hierdie mandaat het die Wes –Kaapse Taalkomitee ‘n omvattende taalbestekopname van taalvoorkeure en –gebruik in die provinsiale regering onderneem.

Die tender hiervoor is aan MarkData toegeken en die verslag van die omvattende kwantitatiewe en kwalitatiewe opname, wat oor ‘n tydperk van vier maande uitgevoer is deur middel van diepte –onderhoude met senior bestuurders en vraelyste aan amptenare en kliënte van die provinsiale regering, is aan die einde van Maart aan die Taalkomitee oorhandig. By die laaste vergadering van hierdie Taalkomitee, wat op 27 Maart 2002 gehou is, het Lawrence Schlemmer en Sarah Slabbert van MarkData ‘n aanbieding oor die bevindings gedoen.

In die algemeen is bevind dat die drie amptelike tale in die provinsiale regering nie gelyke status geniet nie, maar dat daar nie baie ontevredenheid daaroor is nie. Die taal wat die meeste gebruik word in interne mondelinge kommunikasie en kommunikasie met die publiek, is Afrikaans. Hierdie neiging stem ooreen met die feit dat Afrikaans die sterkste verteenwoordig word binne provinsiale regeringsinstellings asook onder die plaaslike bevolking.

Engels geniet egter voorkeur in kommunikasie tussen departemente en met eksterne rolspelers, asook in meer formele en geskrewe kommunikasie. Die gebruik van Xhosa is baie beperk en Engels word meestal as die brugtaal gebruik, omdat Afrikaans – en Xhosa sprekers seldemekaarsetalemagtig is, maar almal gewoonlik Engels kan praat. Min Engels- en Afrikaanssprekendes voel dat hul taalvoorkeure nie in aanmerking geneem word nie. Ongeveer die helfte van Xhosa sprekers is egter ontevrede met hul taal se marginalisering.

Min of meer dieselfde tendense as bogenoemde kom onder die algemene publiek en ander rolspelers voor. Die oorgrote meerderheid mense is bereid om buigsaam te wees ten opsigte van taalgebruik, mitshulle mee rasse taal magtig is.

Die Taalkomitee het versoek dat MarkData die aanbieding ook vir die Minister van Omgewing- en Kultuursake en Sport en die Departementshoof doen. Hulle het ook voorgestel dat die verslag onder die aandag van soveel as moontlik belanghebbende gebring moet word teneinde aksieplanne vir 'n betertaalbestel te ontwikkel.

Die bedryfsopsomming van die bestekopname sal op die Taalkomitee se webblad beskikbaar wees.

Opname van taalvoorkeure en –gebruik en finansiële instellings

Die drie skryfstukke wat in Oktober 2000 met sake lui gehou is, het die bevordering van funksionele veeltaligheid in die sake sektor in die Wes –Kaap as 'n hoë prioriteit geïdentifiseer. Na aanleiding hiervan is, in samewerking met *iSiqhamo sikaPhalo* (Aksiegroep vir Xhosa), besluit om 'n opname te doen van taalgebruik en –voorkeure in die finansiële sektor van die Wes –Kaap. Hierdie opname sal poeg om vast te stel wat die huidige gebruik van, persepsies oor en houdings jeens taal as 'n medium van korporatiewe kommunikasie is en wat die huidige stand van sake is betreffende taalvoorkeure, –gebruik en –vaardighede.

Banke en lewensversekeringsmaatskappye met takke in die provinsie is geïdentifiseer en hul hoofbestuur is skriftelik oor die waarde, omvang en doel van die opname ingelig ten einde hul samewerking te werf. Toestemming om die opname in hulle takkantore in die Wes –Kaap uit te voer is reeds van verskeie instellings ontvang. Die Taalkomitee vir 2002 –2005 sal die projek verdere voer.

Drietalige padtekens in die Wes –Kaap

Ondersoek is deur die Wes –Kaapse Taalkomitee ingestel na aanleiding van klagtes wat by hulle aangehangig gemaak is oor die gebruik van eentaligerigtingstekens in die Stad Tygerberg en die Helderberg Munisipaliteit. Hierdie ondersoek het gelei tot 'n besluit van Pansat dat eentaligerigting wysers grondwetlik is en dat die amptelike tale van die Wes –Kaap aangebring moet word op padtekens (primêr, sekondêr, tersiêre en stedelik) wat nedeel is van die streekshoofpadnetwerk (RTRN) nie. Die Taalkomitee neem waar dat Afrikaans en Engelstalige alternatiewe opnuwerigting wysers, byvoorbeeld op die N1 en N2, aangebring word. In sommige gebiede verskyn Xhosa ook reeds op rigting wysers.

Eksterne projekte

SCELCA: Southern Cape English Language and Cultural Association

Die *Southern Cape English Language and Cultural Association* (SCELCA) monitor die gebruik van Engels in die Suid-Kaap en strew daarna om 'n billike bedeling vir die gebruik van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap in die Suid-Kaap te verseker. Dit is 'n vrywillige organisasie wat die belange van die Engelssprekende gemeenskap in die Suid-Kaap verteenwoordig. Hul aktiwiteite sluit die volgende in:

- Drukopopenbare instansies om kennisgewings, verslae en in Engelste voorsien.
- Die monitor van koerant en staatskoerant vir relevante aangeleenthede.
- 'n Storie vertel fees gehou te Sedgefield op 14 Julie 2001, wat bygewoon is deur Anthony le Fleuren en Louis Nel.

Praesa: Wes-Kaapselaerskooltaalopname

Die oorkoepelende doel van hierdie projek van die *Project for the Study of the Alternative Education in South Africa* (Praesa) is om die lewenskragtigheid van die tale wat op laerskoolvlak in die provinsie Wes-Kaap gebruik word, vas te stel met die oog op die verryking van taalbeplanning en die kweek van taalbewustheid. Die vernaamste navorsingsdoelstelling is om vast te stel wat die status en posisie van tale by die huis en by die skool is en wat die houding jeens taalgebruik is. Die opname is gedoen oor 'n wye spektrum van graad 7-leerders in die Wes-Kaap, en die inligtingsverwerking word gedoen in samewerking met die *Babylon Centrum voor Studies van Meertaligheid in de Multiculturele Sameleving* aan die Universiteit van Tilburg, Nederland.

Guus Extra, wat aan die *Babylon Centrum* verbonde is, het tydens sy besoek aan Kaapstad 'n seminaar aangebied wat deur lede van die Taalkomitee en Taalenheid bygewoon is.

VEELTALIGHEID

Veeltaligheidsbewustheidsveldtog

Ingevolge artikel 13(1)(d) van die Talewet moet die Taalkomitee die beginsel van veeltaligheid bevorder. Met hierdie doel is daar besluit om kommunikasie konsultante aan te stel om 'n veeltaligheidsbewustheidsveldtog van stapel te stuur. Na afloop van 'n tenderproses is Afriko Maskommunikasie konsultant vir die Taalkomitee aangestel om oor 'n tydperk van ses maande 'n veeltaligheidsbewustheidsveldtog van stapel te stuur en die Taalkomitee bekend te stel.

Die slagspreuk van die veeltaligheidsveldtog was: *Ek praat jou taal/ Nolwakho ndiyaluthetha/ I speak your language*. Dit behels taal trots, agting vir ander tale en die bereidwilligheid om 'n ander amptelike taal of Gebaretaal aan te leer.

Die drie hoofkomponente van die veldtog was mediapublisiteit, korporatiewe kommunikasie middels en 'n veeltaligheidsweek.

Die publisiteitskomponent het bestaan uit meervaldigheidsveldtogte oor verskeie Taalkomitee projekte aan 90 dagblaaie en gemeenskapskoerante en 23 radiostasies. Sewe en twintig radio-onderhoude is met die voorsitter gevoer. Die mediabelangstelling het alle verwagtinge oortref en R6,3 miljoen se waarde tot veeltaligheid die Taalkomitee gevoeg.

Die korporatiewe kommunikasie middels wat deur Afriko ontwikkel is, het die volgende ingesluit:

- *Thetha-Thetha*: 'n tweemaandelikse, elektroniese nuusbrief wat saamgestel is om taalpraktisyns en ander belangstellende s saam te snoer in die bevordering van veeltaligheid. Die nuusbrief bevat brokkies inligting oor die werksaamhede van die Taalkomitee en word versprei aan alle persone op die Taalkomitee se databasis. Dit verskyn ook op die Taalkomitee se webblad.

- Webblad: Afrikom het insette gelewer om 'n gebruikersvriendelike webblad te help ontwikkel. Die Taalkomitee se webblad is deel van die Wes-Kaapse regering se webwerf, en om vinnige toegang vir kliënte te verseker is die roete daarheen onlangs verkort tot www.westerncape.gov.za/languagecommittee.
- 'n Banier: 'n vertoonbanier wat vir die Taalkomitee gemaak is om sy korporatiewe identiteit te bevorder.
- 'n Korporatiewe brosjure: 'n drietalige brosjure oor die Taalkomitee se mandaat, doelwitte en werksaamhede.
- 'n Sakebrosjure: 'n brosjure oor die veeltaligheid in die sake sektor.
- Lapelwapens met die slagspreuk van die veeltaligheidsbewustheidsveldtog daarop, is tydens veeltaligheidsweek aan personele van die Provinsiale Administrasie oorhandig by talle geleenthede versprei.
- Plakkate met die veeltaligheidsbewustheidsveldtog se slagspreuk daarop is versprei by geleenthede soos die bekendstelling van veeltaligheidsweek, die Khoisan-werkswinkel en die Woordfees op Stellenbosch. Plakkate is in die geboue van die Wes-Kaapse provinsiale regering opgeplak en versprei in biblioteke, museums en skole.

Veeltaligheidsweek (12-19 Februarie 2002) is ingeleim met 'n hoë profiel -mediabekendstelling in die Kunstekaap-teatersentrum waar die Premier van die Wes-Kaap, Peter Marais, as spreker opgetree het. Die Provinsiale Minister van Kultuursake, Sport en Ontspanning, Patrick McKenzie, het as beskermheer opgetree by dié geleentheid wat deur verskeie provinsiale ministers, LPR's, die Wes-Kaapse Speaker, verteenwoordigers van munisipaliteite, rektore en sakelede bygewoon is. Dit is formeel afgesluit met die oorhandiging van 'n bord met die veeltaligheidsbewustheidsveldtog se slagspreuk daarop aan die Premier en Patrick McKenzie.

Verder is 'n jeugkompetisie waardrietalig geword en 'n boek op diespel was, in die jeugblaai van die week oerantebekendgestel, 10 drietalig geword en 'n boek is aan perskantore uitgedeel en drietalig uitdrukkinge saam met mediaversprei.

Werkkursus oortolking en vertaling in die Wes-Kaap

As deel van die veeltaligheidsbewustheidsveldtog en veeltaligheidsweek het die Taalkomitee op 4 Februarie 2002 'n werkkursus oortolking en vertaling in die Wes-Kaap by die Cape Rendezvous konferensiesentrum in Brackenfell aangebied. Die doel van die werkkursus was om veeltaligheid te bevorder en taalhulpbronne in die Wes-Kaap te ontwikkel.

Sessies 1 en 2 van die werkkursus het uit 'n aantal referate bestaan wat deur Neville Alexander, Anne-Marie Beukes, Johan Blaauw, Sydney Zotwana en Felicity Lopedi-Forden Armand Kleinschmidt gelewer is. Hierdie voordragte is tegelykertyd in Afrikaans, Xhosa, Engels en Gebaretaal getolk. Sessie 3 het uit gefasiliteerde werksessies bestaan waartydens taalkwessies wat vroeër by wyse van vraelyste deur die deelnemers geïdentifiseer is, bespreek is en verskeie aksieplane voorgestel en aanbevelings gedoen is. Die voorstelle aanbevelings het onder andere die aandag gevestig op 'n behoefte aan opleiding van tolke en vertalers in Gebaretaal en die drie amptelike tale van die provinsie, asook op die noodsaaklikheid daarvan om die openbare beeld van die tolke – en vertaalberoep uit te bou deur bewusmakinge en verhoogde publisiteit.

'n Volledige, drietalige verslag oor die werkkursus is aan die deelnemers versprei en is beskikbaar by die Wes-Kaapse Taaleenheid.

Die werkkursus het in sy doel geslaag en 'n opvolgvergadering is saam met die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut gehou.

Eenheid in verskeidenheid: opegesprek oor veeltaligheid in die Wes-Kaap

Daar is verskeie taalorganisasies wat die gebruik van die drie amptelike tale in die Wes-Kaap bevorder. Ingevolge artikels 13(1)(d) en 13(2)(d) van die Talewet het die Taalkomitee dié mandaat om hierdie groepe by te bring om:

- gesamentlik nuwe aksieplanne vir die bevordering van veeltaligheid in die Wes-Kaapse ontwikkel;
- vastestel watter individuele bydraes elke groep hieroor kan lewer;
- die grondslag vir verderesamewerking in die toekomstelê;
- indiewerskillende taal groepe die veeltaligheidsproses verdere bevorder;
- die Taalkomitee te ebemagtig om die beginsel van veeltaligheid aktief te bevorder; en
- na eenheid in verskeidenheid te streef.

Die Eenheid in Verskeidenheid opegesprek oor veeltaligheid in die Wes-Kaap is op 26 Junie 2001 te Kaapstad gehou. Verteenwoordigers van ongeveer 26 taalorganisasies in die Wes-Kaap het die geleentheid bygewoon, waaronder *iSiqhamosika Phalo* (Aksiegroep vir Xhosa), Vriende van Afrikaans, *Southern Cape English Language and Cultural Association* (SCELCA) en die Federasie vir Dowe Wes-Kaap.

Voortspruitend uit die opegesprek is twee aksiegroepe vir veeltaligheid (MAG's) in onderskeidelik die Wes-Kaap en Suid-Kaap gevorm. Hierdie groepe bestaan uit lede van taalorganisasies en taalwerkers en het tans doel om veeltaligheid te bevorder in die Wes-Kaapse Taalkomitee te adviseer oor taalgeleentheid.

Suid-Kaapse Aksiegroep vir Veeltaligheid

Die Suid-Kaapse Aksiegroep vir Veeltaligheid het in die afgelope finansiële jaardrie vergaderings, naamlik op 24 Oktober 2001, 26 November 2001 en 19 Februarie 2002, gehou. Lede van die groep het 'n onderhoud gevoer op Suid-Kaapsterewaart tydens hulle diemense van die Suid-Kaapse omgewing uitgenooi het om betrokke te raak by hul aktiwiteite. Die groep beplan verskeie aktiwiteite om die veeltaligheidsideaal te bevorder tydens feestesoos die Oesterfees, die Diaz-fees en die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees. Lede van die groep het ook gehelp met die verspreiding van verskeie publikasies van die Wes-Kaapse Taalkomitee, insluitend die Jaarverslag vir 2000/2001, plakkate en inligtingspamflette.

Wes-Kaapse Aksiegroep vir Veeltaligheid

Die Wes-Kaapse Aksiegroep vir Veeltaligheid het die afgelope boekjaar drie keer vergader, naamlik op 1 Augustus 2001, 24 Oktober 2001 en 5 Februarie 2002, by Lilwimi Sentrum, Praesa en die Dowe Federasie Wes-Kaap. Sake wat bespreek is, was die groep se standpunt oor Engels en die noodsaaklikheid daarvan om persepsies, veral rakende die minderwaardige status van Xhosa in die Wes-Kaap, te verander. Verder is besluit om 'n drietalige brief aan die Wes-Kaapse Minister van Onderwys, André Gaum, te stuur ter ondersteuning van sy planne vir moedertaalonderwys in die Wes-Kaap. 'n Besoek aan minister Gaum deur enkele lede van die groep het gevolg.

Eksterne projekte

Lilwimi Sentrum vir Veeltaligheid en die Taalprofessies

Die Lilwimi Sentrum poog om veeltaligheid te ontwikkel en taalbewustheid te kweek; derhalwe het hulle 'n projek geloods ter ondersteuning van onderwysers en leerders in die veeltalige klaskamer. 'n Mondelinge-geskiedenis komponent, wat onder andere gemik is op die opskerpings van geskiedenis- en taalvaardighede, is voltooi. Inligting wat deur leerders uit agt senior sekondêre skole in Guguletu en Philippi opgeteken is, is in 'n Xhosa-tydskrif, met kort opsommings in Engels en Afrikaans, vervat tydens 'n seremonie op 31 Oktober 2001 bekendgestel. Verder is gepoog om opvoeders by laerskole aan die Weskus wat te staan kom vir die uitdagings van veeltaligheid en multikulturele klasse, te bemagtig.

National Language Project

Die einddoel van hierdie projek is om taalvaardigheid te verbeter deur taalonderrigingsmateriaal te bevorder. 'n Taalbestekopname is onder leerders in graad 1 tot 7 gedoen. Leerders se taalvermoë, taalvaardigheid en taalgebruik is ondersoek, waarna die data ontleed is en gebruik is in die ontwikkeling van ontwerp van taalonderrigingsmateriaal.

LitNet

Die befondsing van Litnet het die bevordering van veeltaligheid op die internet ten doel gehad. Hierdie projek was besonders suksesvol en verskeie artikels en bydraes het in Xhosa verskyn. Die korporatiewe beeld van die Taalkomitee is ook bevorder deur dat LitNet die logotipe van die Taalkomitee, as een van die borge, op die internet geplaas het.

Undercurrent Film & Television: The unattained dream

Hierdie projek het beoog om 'n dokumentêre film te vervaardig waarin die waarde van effektiewe taalbeplanning aangespreek sou word, maar dit het ongelukkig geen vrugte afgewerp nie. Die projek is gekanselleer nadat daarnieaand die vereistes voldoen is nie.

Bibliodef

Bibliodef voorsien agtergeblewe kinders van gepaste storieboeke in hul moedertaal om sodoende 'n leeskultuur te vestig en by te dra tot hul emosionele ontwikkeling.

Boeke in Xhosa, Afrikaans en Engels is aan organisasies in die Wes-Kaap geskenk, insluitende braille- en grootdrukboeke aan blinde en gesigsgestremde kinders van die Athlone Skool vir Blindes.

Weskus Slypskool

Die fokus van hierdie projek is op die hou van slypskole in kreatiewe skryfkuns in die genres drama, prosa en poësie. Dit is gemik daarop om die skryfvaardighede van hoërskoolleerders uit histories benadeelde gemeenskappe te ontwikkel. Verskeie slypskole oor die volgende onderwerpe is reeds gehou: die skryf van poësie, die skryf van kortverhale, die skryf van drama, en manuskripton ontwikkeling.

Adhoc -projekte

Suid-Kaap Stereo

Suid-Kaap Stereo, 'n gemeenskaps radiostasie wat in Oudtshoorn gesetel is, het besef dat daar 'n behoefte in die streek bestaan om die Xhosa sprekende gemeenskap in hulle taal te bedien en sodoende veeltaligheid te bevorder. Adhoc-befondsing is aan die radiostasie toegeken vir die opleiding van 'n Xhosa aanbieder.

African Voices

Adhoc-befondsing is aan African Voices toegeken vir die aanbied van vier gespreksessies op SAfm. Die sessies is aangebied as deel van die program *Woman Today* en het die gebruik, ontwikkelings en aanleer van Afrika tale as onderwerp gehad.

Interneprojekte

Navorsingoor taalgebruik in die gesondheids sektor

Die Wes -Kaapse Taalkomitee het hierdie projek geïnisieer om die taalgebruik in hospitale vas te stel. Drie hospitale (Groote Schuur Hospitaal, Mowbray Kraaminrigting en die Rooikruis Kinderhospitaal) is geïdentifiseer vir 'n loodsprojek wat deur Sandisiwe Mangcu uitgevoer is.

Daar is bevind dat daar ongetwyfeld in drie hospitale 'n behoefte aan tolke bestaan. Nie een van die hospitale het getrou met die tolke nie, maar moet staat maak op die voorsiening van tolke deur nie-regeringsorganisasies. Slegs 'n paar tolke word getrou voorsien, sodat die hele hospitaal nie gedek kan word nie. Een van die strategieë wat ontwikkel is om die situasie te hanteer is om, waar moontlik, ander hospitaal personeel in te roep om te help met tolkwerk. Groote Schuur het 'n spesiale lys opgestel met die name van personeel wat dit kan doen.

Die taalbestek op name van die provinsiale regering, wat die gesondheids sektor insluit, bied ook verdere insigte oor die taalbehoefte in hierdie sektor.

Opname van tolking en vertaling in die Wes -Kaap

Hierdie projek bestaan uit 'n opname van die stand van tolking en vertaling, en die status van die tolke – en vertaalberoep in die Wes -Kaap. Dit spruit voort uit 'n aanbeveling wat gedoen is tydens 'n reeks dinkskrumswaats in Oktober 2000.

Daar is onder meer gekyk na die wetlike raamwerk vir die professies, die opleiding in tolking en vertaling, die beskikbaarheid van tolke en vertalers in Suid -Afrika en pogings om die professionele status van tolking en vertaling te versterk. Vrae wat 'n wye verskeidenheid onderwerpe gedek het, is uitgestuur na tolke en vertalers in die Wes -Kaap sowel as na tersiêre instellings en diensverskaffers. 'n Verslag oor die bevindings van die navorsingsaal in die Wes -Kaapse Taalkomitee voorgelê word.

VOORHEENGEMARGINALISEERDE INHEEMSE TALE EN GEBARE TAAI

Ingevolge artikel 13(1)(e) van die Talewet moet die Taalkomitee die ontwikkeling van voorheengemarginaliseerde inheemse tale aktief bevorder en 'n beleid hieroor formuleer en aan die Provinsiale Minister voorleë. Die Taalkomitee het voorgestel dat 'n werkswinkels gehou moet word om inheemse, gemarginaliseerde en gemarginaliseerde inheemse tale te definieer en om 'n lys van hierdie tale ingevolge die definisie saam te stel alvorens die taalbeleid opgestel word.

Tans val 'n taalbeleid vir gemarginaliseerde tale dus nog onder die algemene Wes -Kaapse Taalbeleid.

Eksterneprojekte

Western Cape Educators' Forum

Hierdie projek was daarop gemik om lees – en skryfvaardighede in die Afrikatale, veral Xhosa, te ontwikkel. Tot dusver is 'n suksesvolle kreatiewe skryfkunskompetisie van stapel gestuur en die prysuitdelingsfunksie is in Augustus 2001 in Guguletu gehou. 'n Xhosa letterkunde fees ('n viering van klassieke Xhosa -werke) word beplan. Dit sal deel uitmaak van die Xhosa -bewustheidsweek in Mei 2002.

Praesa: Jikelele Jikelele Ngqu, veranderna A!Bekutheni!

Hierdie projek vandie *Project for the Study of Alternative Education in South Africa* (Praesa) bevorder die ontwikkeling van gepaste leesstof vir Xhosasprekende kinders. 'n Alfabetiese stel veeltaliger ympies en woordspelkaarte is ontwikkelendie komplimentê rekopiewataan die Taalkomitee geskenk is, is by die Wes -Kaapse Taalenheid beskikbaar.

Deaf Child Centre

'n Gebaretaalprogram om horende ouers en familie lede van dowe kinders te leer om in Gebaretaal te kommunikeer, is ontwikkel. Die verbeterde kommunikasie het die voordeel dat die dowe kinders se opvoedkundige en sielkundige ontwikkeling verbeter.

Deaf Community of Cape Town

Hierdie gemeenskapsgebaseerde organisasie het befondsing van die Wes -Kaapse Taalkomitee ontvang vir twee projekte. Die eerste hiervan was daarop gemik om bedags klasse in geletterdheid en rekenaargeletterdheid vir dowe volwassenes aan te bied. Die klasse word wekeliks binne 'n tweetalige raamwerk (Engels en Suid -Afrikaanse Gebaretaal) met 'n dowe en 'n horende fasiliteerder wat saamwerk, aangebied. Die tweede projek was daarop gemik om Gebaretaal te bevorder deur die opleiding van onderwysers in Suid -Afrikaanse Gebaretaal. 'n Konsep leerplan vir Suid -Afrikaanse Gebaretaal as Tweede Taal is reeds op videoband vasgelê en geredigeer, opleidingsmateriaal is geskryf, instruktors is opgelei en twee werksinkels is gehou.

Attaché Gebaretaalskool

Die doelwitte van hierdie projek is om die kommunikasie tussen horende en dowe persone te bevorder en om meer horende in staat te stel om as Gebaretaaltoelke op te tree. Kursusse in Gebaretaal wat oortien weke loks trek, word vir horende persone aangebied.

Interne projekte

Letterkunde bewustheid en kreatiewe skryfkuns

Die doel van hierdie projek is om die ontwikkeling van gemarginaliseerde tale te bevorder en om 'n lees kultuur by hierdie taalgroepe aan te kweek. 'n Werksinkel oor Letterkunde bewustheid- en Kreatiewe Skryfkuns is op 12 -13 Februarie 2002 te Melkbos Oppiesee gehou. Die werksinkel is namens die Wes -Kaapse Taalkomitee aangebied en gefasiliteer deur *Global Youth Development* met die doel om onderwysers en vrywilligers op te lei in storie vertel, voorlees, die kies van gepaste boeke, skryfvaardighede en dieskepv an mobiele biblioteke vir huls koleengemeenskappe.

Afgevaardigdes van plaasskole by Malmesbury en George sowel as van laerskole in Kylemore en Khayelitsha het die werksinkel bygewoon. Jean Williams van Biblioteef, vergesel van besoekende kurrikulum adviseurs uit KwaZulu -Natal, wat hul idees oor die bevordering van 'n lees kultuur in hul areas gedeel het, was ook teenwoordig. Me Williams en haar besoekers het 'n praatjie aangebied oor hoe om gepaste boeke vir kinders te kies. Biblioteef het boeke aandie skole oorhandig en versoek dat hulle aansoek doen vir meer.

Khoisanprojek

Die Wes -Kaapse Taalkomitee het 'n navorsingsprojek oor Khoisantale in die Wes -Kaap goedgekeur. As 'n eerste stap is daar besluit om 'n werksinkel te hou waartydens 'n

navorsingsvoorstel geformuleer sou word in oorleg met die verteenwoordigers van die Khoisangemeenskappe in die Wes -Kaap.

Om te verseker dat al die Khoisangemeenskappe in die Wes -Kaap betrek word, het die Wes-Kaapse afgevaardigdes van die Nasionale Khoisan -oorlegplegende Konferensieraad (NKOKR) gedien as die skakel tussen die Wes -Kaapse Taalkomitee en die onderskeie Khoisan-gemeenskappe.

Die werkswinkel is by die *Southern Comfort Western Horse Ranch* naby Knysna gehou van 8 tot 10 Maart 2002. Die afgevaardigdes het voorgestel dat navorsing gedoen moet word oordie huidige Khoisantaal in die Wes -Kaap. Hierdie voorstel sluit navorsing in oor die oorblyfsels van Khoisantaal in die name van plekke, berge, riviere en sovoorts, asook die invloed van Khoisantaal op Afrikaans en Xhosa. Daar word gehoop dat die resultate van hierdie navorsing nie net bewys sal wees van die historiese bestaan van 'n gesproke Khoisantaal in die Wes -Kaap nie, maar dat dit ook die taalverskeidenheid -interaksie in die Wes -Kaap sal uitlig.

Siyazingca Ngesixhosa

Die oogmerk van hierdie projek is 'n Xhosa -bewustheidsveldtog om die gebruik van Xhosa in die Wes -Kaap te bevorder. Die bekendstellingsgeleentheid in Oktober 2001 is deur wyle minister Glen Adams geopen en professor Siswe Satyo van die Universiteit van Kaapstad was die gasspreker. Dit is bygewoon deur mense uit verskeie Xhosa-sprekende gebiede in die Wes -Kaap, onder wie die leier van die Tradisionele Leiers van Suid -Afrika, hoofman Phathekile Holomisa. In 2002 sal die projek daarop fokus om gemeenskappe op voetsoolvlak te bereik deur vennootskappe te sluit met organisasies wat alreeds in die gemeenskappe gevestig is.

Gebaretaalstrategie

Verkenningwerk is deur die Taaleenheid gedoen ten einde 'n strategie vir die bevordering van Gebaretaal die probleem wat dowes ondervind te ontwikkel. Daar is bevind datso 'n strategie nasionale implikasies het wat op daardie vlak binne die strategieë van die *Deaf Federation of South Africa* (Deafsa) en *Pansat* aangepak behoort te word.

STUDIE EN NAVORSING

Ingevolge artikel 13(2)(d) van die Talewet moet die Taalkomitee studies en navorsing inisieer wat gerig is op verskeie aspekte betreffende die uitvoering van hul mandaat. Daarom het die Taalkomitee op die volgende wyse teun aan navorsingsprojekte verleen.

Eksterne projekte

Universiteit van die Wes -Kaap: N.Si gcau

Hierdie navorsingsprojek is 'n poging om vas te stel of Engels as onderrigtaal 'n negatiewe uitwerking het op Xhosa-sprekende hoërskoolleerders se akademiese prestasie. Die navorsing word gedoen in hoërskole in gebiede soos Langa, Khayelitsha, Mfuleni, Kayamandi, Kraaifontein en Guguletu. Die literatuur oorsig is reeds voltooi en daar word tans gewerkaand die data versameling.

Sagus, Sentrum vir Taalen Kommunikasie

Hierdie projek fokus op navorsing om vas te stel tot watter mate vertaalde tekste daarin slaag om die teikengroep te bereik. Tot dusver is veral gefokus op mediese tekste wat uit

Engels in Afrikaans en Xhosa vertaal. Vraelystewordgebruik om by die publiek uit te vind tot watter mate hulle vertaal die tekst wat op hullegemikis, welvers taan.

Universiteit van Kaapstad: S. Gxilishe, S. K. Tuomi.

Die oogmerke van hierdie navorsing is om kennis op te doen oor die spraak - en taalontwikkeling van een – tot driejarige Xhosa sprekende kinders en dan 'n navorsingsreferaat oor die bevindinge te publiseer. Kinders uit Guguletu, Langa en Khayelitshais deel van die projek.

Beurse

Ingevolge artikel 13(1)(d) van die Talewet, moet die Taalkomitee die beginsel van veelaligheid aktief bevorder, en ingevolge artikel 13(2)(d)(v) moet taal hulpbronne ontwikkel word.

Omdie rede, en in reaksie op 'n versoek van wyle minister Glen Adams, kende die Taalkomitee drie beurse ter waarde van R10000 elk vir nagraadse studie aan 'n Suid - Afrikaanse universiteit of tegniese institusie in die gebied van taal - of geletterdheids onderrig of taalontwikkeling toe. Die voorgestelde studietoelpe moet op meer as drie provinsies amptelik talle of Gebaretaal konsentreer. Advertensies vir aansoekers indiek oerantegelyke plaasnaansoek moes die Taalkomitee teen 1 Oktober 2000 bereik.

Geslaagde aansoekers moes aandie volgende vereistes voldoen:

- Oor'nhoë vlak van vaardigheid in ten minste een, of verkieslik meer, Suid - Afrikaanse tale en/of Suid - Afrikaanse Gebaretaal beskik.
- Geregtig wees op toelating tot 'n nagraadse program van syfhaar keuse.
- Indie Wes - Kaap woon.

Ná sorgvuldige oorweging het die Taalkomitee besluit om beurse toe te ken aan die volgende drie aansoekers: Thami Julius Dantile (M.A. in die ontwikkeling van Afrikatale vir kommunikatiewe doeleindes), Marion Smallbones (M.A. – *Providing language and literacy support for primary school Maths and Science Learners: an action research investigation*) en Ncebakazi Faith Saliwa (M.Phil in Vertaling).

DATABASISSE

Databasis en inligtingsdiens

Ingevolge artikel 13 (2)(e) van die Talewet, is 'n omvattende databasis van persone, organisasies, instellings, toerusting en fasiliteite wat met taalaangeleenthede in die Wes - Kaapverband hou, saamgestel. Hierdie databasis bevat hoofsaaklik name, kontaknommers en adresse en word gereeld bygewerk. Tans is daar meer as 900 inskrywings.

'n Nuwe toevoeging tot die databasis is 'n lys van besonderhede rakende kursusse in die drie amptelike tale van die provinsie en in die Khoisantale en Gebaretaal, asook besonderhede van die instellings waar hierdie kursusse aangebied word. Die klem word gelê op kursusse binne die Wes - Kaap, maar sommige kursusse in Afrikaans, Xhosa, Khoisantale en Suid - Afrikaanse Gebaretaal buite die provinsiale grense word ook bygevoeg.

Die inligtingsdiens is ingestel om die Taalkomitee en ander belangstellendes te voorsien van inligting oor taalverwante aangeleenthede. Dit sluit 'n knipseldiens in wat knipsels en uittreksels versamel uit verskeie koerante en ander bronne soos populêre en vaktydskrifte, nuusbriewe, verslae en Pansat publikasies. Die knipsels en artikels word oprekenaar gelys en daarna gelys. Dit bevat reeds meer as 1 800 inskrywings. Om die soekproses te vergemaklik is daar onlangs begin om trefwoorde uit die teks self by te voeg by die ander

inligting in die tabelle. Persone wat inligting oor spesifieke onderwerpe soek of 'n sekere artikel nodig, kandidate Taalenheidskakele.

DIE PAN - SUID-AFRIKAANSE TAALRAAD (PANSAT)

Ingevolge artikel 14 van die Talewet en artikel 8(8)(a) van die Wet op die Pan - Suid-Afrikaanse Taalraad, 1998 (Wet 59 van 1995), moet die Taalkomitee Pansat adviseer oor enige taalaangeleenthede in of rakende die provinsies oos wat in die geval van padtekens gebeurhet.

Pansat het Raadskennisgewing 120 van 1997, wat die provinsiale taalkomitees van Pansat reël, hersien en in reaksie hierop 'n regs mening namens die Wes - Kaapse Taalkomitee opgestel en aan Pansat gestuur. Pansat het ontvang serkenenaangeduidathulso verkies om die unieke situasie van die Wes - Kaapse Taalkomitee in 'n afsonderlike raadskennisgewing aantespreek.

Die Wes - Kaapse Taalkomitee hou Pansat op die hoogte van ontwikkelinge in die Wes - Kaap aangaande taalaangeleenthede. Pansat word deur die aktiwiteite van die Taalkomitee ingelighulle ontvangdi esakelysteennotules van alle Taalkomiteevergaderings.

Die Wes - Kaapse Taalkomitee het Pansat versoek om 'n brief wat die Taalkomitee aan Microsoft SA gerig het, te ondersteun. In die brief word versoek dat Microsoft aandagskenk aandien om omliggende hulrekenaarprogrammatuurook in Afrikaans en die ander inheemsetale beskikbaar te stel om dit te oorklik te maak vir die inwoners van Suid Afrika. Pansat het welso 'n brief aan Microsoft gerig.

Anthony le Fleur, 'n lid van die Wes - Kaapse Taalkomitee, is as Khoisan - verteenwoordiger op die nuwe Pan - Suid-Afrikaanse Taalraadaangestel.

KONFERENSIESENSKAKELWERK

Die Taalkomiteeskakel deurlopende metaalpraktisynsentaalorganisasies in die Wes - Kaap ingevolge artikel 13(2) van die Talewet. Twee Taalkomitee lede, Christa van Louwen David Petro, is onderskeidelik in die Nasionale Taal liggaam vir Afrikaans en Gebaretaalaangestel.

Bywoning van konferensies, werksinkels en seminare

Verskeie konferensies, werksinkels en seminare is in 2001/2002 deur lede van die Taalkomitee en die Taalenheidskakele bygewoon.

Die Nasionale Khoisan - oorlegplegende Konferensie gehou te Oudtshoorn van 29 Maart tot 1 April 2001 is bygewoon deur Anthony le Fleur en Louis Nel. 'n Werksinkeloordie Khoisanerfenis roetewat deur die *South African Heritage Resources Agency* (SAHRA) op 1 - 2 Junie 2001 op Vredendal gehou is, deur Hanneljiedu Preezen Louis Nel bygewoon.

Die *isiXhosa Language Workshop: with isiXhosa into the new millennium*, gehou in Kaapstad van 24 tot 25 Julie 2001, is bygewoon deur Isabel Cilliers, Sydney Zotwana, Sandile Gxilishe, Quintus van der Merwe en Sandisiwe Mangcu. Isabel Cilliers en Sydney Zotwana het assprekers opgetree.

'n Taalkoördinerings werksinkels van 27 tot 28 Junie 2001 in Gauteng aangebied deur die Nasionale Taal diens. Dit is bygewoon deur Sydney Zotwana en Annette de Villiers. Neville Alexander het insyhoedanigheid as voorsitter van die Raadgewende Paneeloor Taalbeleid van die Minister van Kuns, Kultuur, Wetenskappe en Tegnologie die werksinkels gefasiliteer.

Louis Nel het die *Fifth Language International Conference* in Bloemfontein bygewoon van 4 tot 6 Julie 2001. Dit is aangebied deur die Eenheid vir Taalfasilitering - bemagtiging.

Die *National Wordfest* wat van 29 Junie tot 7 Julie 2001 in Grahamstad aangebied is deur die Rhodes Universiteit, is deur Sandisiwe Mangcu bygewoon. Sy het ook 'n Xhosa - terminologiese werkswinkel in King William's Town van 19 tot 20 September 2001 bygewoon. Dit is gereël deur die Oos -Kaapse Provinsiale Wetgewerendie provinsiale Departement van Kuns, Kulturen en Sport.

Quintus van der Merwe en Marianna Visser het die Pansat Konferensie oor Taalbeleid en Taalregte in Pretoria op 2 November 2001 bygewoon. Nog 'n Pansat konferensie in Pretoria, oorgemarginaliseerde tale, is van 8 tot 10 Maart 2002 bygewoon deur Christa van Louw, Sydney Zotwana en Quintus van der Merwe.

Op 11 Februarie 2002 het Praesaby die Universiteit van Kaapstad 'n seminaar aangebied oor huis -enskooltaalopnames. Dit is deur Neville Alexander bygewoon in sy hoedanigheid as Direkteur van Praesa, asook deur Quintus van der Merwe en Monica Kirsten.

Die *Deaf Federation Western Cape Forum* is op 16 Maart 2002 deur Isabel Cilliers bygewoon en toegeesprek.

AUDITEURSVERSLAG

FINANSIËLE VERSLAG